Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Erf 152, Uniondale, met die historiese Nederduits Gereformeerde kerkgebou daarop, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Sekere stuk vrygekoopte erfpaggrond met die historiese Nederduits Gereformeerde kerkgebou daarop, geleë in die munisipaliteit en afdeling Uniondale, synde die restant van 'n deel van gedeelte van die plaas Rietvalley, nou Erf 152, Uniondale, en groot vierhonderd (400) vierkante roede.

Transportakte 15229/1948, gedateer 13 Julie 1948.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie kerk is in 1862 opgerig, en die styl is oorwegend neo-Goties. Dit is ten nouste verbonde met die geskiedenis van die dorp. 10/2/503.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

National Education, hereby declare Erf 152, Uniondale, with the historic Dutch Reformed Church building thereon, to be a national monument.

*Description*

Certain piece of redeemed quitrent land with the historic Dutch Reformed Church building thereon, situate in the Municipality and Division of Uniondale, being the remainder of a part of portion of the farm Rietvalley, now Erf 152, Uniondale, and measuring four hundred (400) square roods.

Deed of Transfer 15229/1948, dated 13 July 1948.

*Historical and architectural interest*

This church was erected in 1862, the style being predominantly neo-Gothic. It is closely connected with the history of the town. 10/2/503.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

No. 1303 15 Julie 1977

## VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Erf 4412, Queenstown, met die historiese gebou van die Queenstownmuseum daarop, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Sekere stuk vrypaggrond, met die historiese gebou van die Queenstownmuseum daarop geleë in die munisipaliteit en administratiewe distrik Queenstown, synde Erf 4412, Queenstown, en groot eenduisend sewehonderd een-en-dertig (1 731) vierkante meter.

Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel 38808/1976, gedateer 9 Desember 1976.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie gebou is oorspronklik in 1868 as 'n primêre skool opgerig. Dit is 'n uitstekende voorbeeld van 'n Victoriaanse skoolgebou en is ten nouste met die geskiedenis van Queenstown verbonde. 10/2/506.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1303 15 July 1977

## DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare Erf 4412, Queenstown, with the historic building of the Queenstown Museum thereon, to be a national monument.

*Description*

Certain piece of freehold land, with the historic building of the Queenstown Museum thereon, situate in the Municipality and Administrative District of Queenstown, being Erf 4412, Queenstown, and measuring one thousand seven hundred and thirty-one (1 731) square metres.

Certificate of Consolidated Title 38808/1976, dated 9 December 1976.

*Historical and architectural interest*

This building was originally erected in 1868 as a primary school. It is an outstanding example of a Victoria school building and is closely associated with the history of Queenstown. 10/2/506.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

No. 1335 15 Julie 1977

## AANSOEK OM REGISTRASIE VAN 'N HERALDIESE VOORSTELLING EN BESWARE DAARTEEN

[Artikels 7A en 7B van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962) soos gewysig]

Ondergenoemde amptelike owerheid het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie van sy heraldiese voorstelling. Enigeen wat teen die registrasie van hierdie heraldiese voorstelling beswaar wil aanteken op grond daarvan dat so 'n registrasie inbreuk sal maak op regte wat hom wettiglik toekom, moet dit doen binne twee weke vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is:

*Aansoeker.*—Departement van Doeane en Aksyns. (H4/3/3/34.)

*Wapen.*—In silwer, ondersteun van 'n blou kettinglose valhek versier van silwer, die middelste vertikale balke verleng en die ringe vervang deur oranje skywe, 'n Protea Cynaroides blomkop van oranje, blou geblaar en saamgesnoer, die geheel binne-in 'n skildsoom, alles van blou.

No. 1335 15 July 1977

## APPLICATION FOR REGISTRATION OF AN HERALDIC REPRESENTATION AND OBJECTIONS THERETO

[Sections 7A and 7B of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), as amended]

The undermentioned official authority has applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act 18 of 1962), for the registration of its heraldic representation. Anyone wishing to object to the registration of this heraldic representation on the ground that such a registration will encroach upon rights to which he is legally entitled, should do so within two weeks of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001:

*Applicant.*—Department of Customs and Excise. (H4/3/3/34.)

*Arms.*—Argent, supported by a portcullis Azure sans chains, garnished Argent, the central vertical beams extended and the rings replaced by two roundles Tenné, a Protea Cynaroides flowerhead Tenné, leaved and banded, the whole within a bordure, Azure.